

Bylaang tot „Koers”, April 1956.

ARBEIDSNAVORSING.

(Rede gehou by geleentheid van die Gradedag van die P.U. vir C.H.O., 17 Maart 1956, deur sy edele senator J. de Klerk, Minister van Arbeid en van Openbare Werke).

Vir my is dit seker vandag een van die mees uitstaande geleenthede in my lewe, om met so 'n belangrike en uitstaande gebeurtenis in die verloop van sake aan 'n Universiteit, u te mag toespreek. Te meer is dit van uitstaande betekenis omdat ek die eer het om voor 'n gehoor op te tree wat bestaan uit my vorige leermeesters, mede-studente en huidige samestelling van my Alma Mater. Om begryplike redes lê die wel en wee van u inrigting vir my baie na aan die hart. Dit was my voorreg om hierdie inrigting vir Hoër Onderwys te sien groei van die samestelling uit 'n klompie dapper, betroubare, besielende persone, maar bo alles manne met daad, durf en geloof, totdat dit die huidige afmetings van groei en vooruitgang aangeneem het. As ek my egter in die verlede van ons inrigting sou verdiep, sal ek seker nie aan u verwagtings voldoen nie.

My innige dank en hoë waardering dat u dit goed gedink het om my vrou en myself uit te nooi om vandag hier teenwoordig te wees. Met blydskap het ons die uitnodiging aanvaar, maar tog ook met 'n sekere mate van huiwering toegestem om aan u versoek te voldoen—huiwering alleen omdat my werkzaamhede in die verlede my nog selde op ander terreine as die praktiese lewe laat beweeg het.

Wat ek dan ook vandag aan u te sê sal hê, sal meer prakties en minder akademies of wetenskaplik van aard wees.

Uit die aard van my werkzaamhede en belangstelling het u seker vooraf verwag dat ek my op die arbeidsterrein sal beweeg. Omdat ek in so 'n noue voeling met arbeidsaangeleenthede is, het my gedagtes in die rigting van tekortkomings op hierdie terrein van ons volkslewe beweeg en in die kort tyd tot my beskikking het ek soveel as moontlik navraag gedoen en ondersoek ingestel waar ons presies in Suid-Afrika op hierdie terrein staan.

Universiteite dra hul deel by om 'n volk te bou. As ons kyk na statistiek van universiteitsinskrywings, dan kan ons nie anders nie as om tot die gevolgtrekking te kom dat al hoe meer mense daarin belang stel om opgelei te word om die volk beter te kan dien. Dit is derhalwe uiters wenslik dat die behoeftes van die volk in die universiteitskursusse

weerspieël word. So vind ons dat Geskiedenis bestudeer word om die volksverlede te ken en die toekoms daaruit te leer. Insgelyks word Ekonomie en Sosiologie bestudeer om staatshuishouding te verstaan. Sommige universiteite maak alreeds voorsiening vir sekere fasette van arbeidsaangeleenthede soos in Lettere, Natuurwetenskappe, Medisyne, Ekonomie, Ingenieurswese, Handel en so meer.

Dit is egter gebiedend noodsaaklik dat die arbeidsaangeleenthede ook verstaan en ook op 'n groter skaal by universiteitskursusse ingesluit word, veral met die oog op die feit dat daar 'n behoefte vir die toepassing van wetenskaplike beginsels bestaan.

Arbeidsaangeleenthede kom in verskillende vakwetenskappe ter sprake—dikwels met aansienlike oorvleueling tussen die verskillende wetenskappe. Die vraag is of die tyd nie ryp is vir die instelling van kursusse in die arbeidswetenskap nie. Dit sou die verskillende benaderings kon integreer en oorspan en sou van waarde wees vir almal wat eendag beheer gaan voer oor mense wat werk.

'n Vergelyking van die vordering en benadering van die vraagstuk en studie van arbeidsaangeleenthede op 'n wetenskaplike grondslag tussen ons Suid-Afrikaanse universiteite en die van oorsese lande, laat geen twyfel dat ons nog 'n groot mate van agterstand toon nie, veral wat nagraadse studie betref.

Van verskillende oorsese lande het ek, deur hulle ambassades, informasie ontvang wat op hul ontwikkeling dui. Ek noem slegs wat die „U.S. Information Service” my laat weet het met betrekking tot nagraadse studie in die Verenigde State van Amerika. Daar bestaan nie minder as vier belangrike inrigtings nie wat voorsiening maak vir nagraadse studie en wat lei tot Meesters- en Doktorale grade. Aan elk van die inrigtings is tussen 20 en 30 professore verbonde en daar word voorsiening gemaak vir tussen 20 en 35 aparte kursusse aan elke universiteit.

'n Ontleding van die kursusse toon ondubbelsinnig aan dat die veld deur arbeidsaangeleenthede gedek, 'n nagraadse studiepeil aandui ten opsigte van akademiese analise en navorsing in arbeidsontwikkeling in die V.S.A. en die geskiedenis van arbeidsbewegings in ander lande. Onderwerpe soos Menslike Verhoudings in Handel en Nywerheid; Ekonomie van Maatskaplike Sekuriteit; Kollektiewe Bedinging; Die Wet en Arbeid; Openbare Personeel-administrasie; Openbare Kontrole in Arbeidsverhoudings; Groepsverhoudings in die Nywerheid, ens. word ten volle benut en uitgebou in gevorderde studie met betrekking tot arbeidsaangeleenthede.

'n Geweldige bron van wetenskaplike gegewens is dan ook tot beskikking van die student. In die meeste lande word studies van die vakbondwese en vakbondaangeleenthede onderneem.

Dit sou te veel tyd in beslag neem en vir die doeleindes van my beskouing ook onnodig wees om 'n vergelyking in detail te gee. Feit bly egter dat oorvleueling tussen die verskillende wetenskappe sodanig is dat daar by die universiteite nie in besonderhede gegaan word nie en in die meeste gevalle die kursusse 'n oppervlakkige en algemene kennis van die onderwerp weerspieël. Behalwe wat my eie Departement doen, met die hulp van ander afdelings in die Staatsdiens, bestaan daar oor die meeste arbeidsvraagstukke geen of baie min wetenskaplike gegewens. In ons land, met sy gemengde arbeiders—en selfs werkgewersklasse, bestaande uit blankes, gekleurdes, natuurlike en Asiate, word die probleme met hul oplossings nog moeiliker.

Uit my kort ondervinding met arbeidsaangeleenthede in ons land, is ek meesal op standaardwerke en verhoudings van oorsese lande, met hul besondere en eiesoortige ondervinding, aangewys. Na die beste van ons vermoë moet daardie geskifte aan- en toegepas word aan Suid-Afrikaanse toestande en nooit kan dit anders as met moeite en op eksperimentele grondslag gedoen word nie. Die unieke Suid-Afrikaanse toestande verdien seker ook unieke pogings van ons wetenskaplikes om 'n groter bydrae te lewer. Op die oomblik is die posisie by ons, soos ek dit sien en ondervind, maar net 'n uitgroei van die verskillende vakwetenskappe in oorsese lande, met die uitsondering dat daar in die Verenigde State van Amerika vinniger ontwikkeling is van die bewustheid van die belangrikheid van menslike verhoudings in die arbeid. Is dit nie juis by ons een van die belangrikste aspekte wat ons onmiddellike aandag verdien nie? Ek wil egter die bepeinsing oor hierdie saak en die praktiese uitvoerbaarheid daarvan laat in meer bekwame hande.

Miskien moet ek op hierdie stadium die verhouding tussen kultuur en arbeid noem. Dikwels word kulturele opvoeding en beroepsopleiding teenoor mekaar gestel. Dit word gesê dat die taak van die opvoeding is om mense te kweek en nie werkers nie. Asof die werker nie 'n mens is nie en asof elke mens nie ook 'n werker moet wees nie. As gevolg van hierdie valse skeidslyn is daar in groot mate 'n kloof tussen geleerdes en mense wat hul brood met hul hande verdien. Dit moet besef word dat daar geen belangriker faktor in die opbou van die kultuur van 'n volk is nie as die arbeid wat daardie volk verrig. Aan die universiteite is daar

'n besondere behoefte aan 'n besef van die belangrikheid van die arbeid en aan 'n waardering vir die arbeider.

Aan die ander kant word die arbeid deur 'n materialistiese benadering verlaag tot 'n kultuurlose aktiwiteit, ontbloom van hoëre menslike waardes. Die Universiteit van Potchefstroom is as Christelike universiteit in 'n besonder gunstige posisie om besondere betekenis aan die studie van die arbeid te gee. Die Calvinis sien die arbeid as 'n roeping van God en gee aan die arbeid nie alleen erkenning as die skepper van stoflike waardes nie, maar ook as skeppingsaktiwiteit op die gebied van geestelike, kulturele en godsdienstige waardes.

Dit is verblydend om op te merk dat die Universiteit van Potchefstroom in sy groot navorsingsprojekte aandag skenk aan die industriële wêreld rondom hom. Deur sy opnames van die omgewings van Klerksdorp en Potchefstroom en deur sy studie oor die sentralisasie van nywerhede oorbrug by die kloof tussen die akademiese en die werkerswêreld. Mag die Universiteit in nou aanraking bly met die groot ontwikkelings in sy omgewing en desnoods sy belangstelling na die groter nywerheidsgebiede verplaas.

Suid-Afrika se veelvuldige rasseprobleme op die sosiale, maatskaplike, politieke en ekonomiese terreine bring ernstige oorweging van elke stap wat geneem moet word mee. Van 'n internasionale arbeidsorganisasie-oogpunt beskou is dit maklik om sake net kragtens ekonomiese beginsels te beheer. In ons land moet ekonomiese wette soms veronagsaam word, omdat die minderheidsgroep van blankes, met 'n hoër lewensstandaard, ten koste van alles gehandhaaf moet word. Dit vereis spesiale oorwegings, deskundige advies en diepgaande studie.

Arbeidsaangeleenthede is 'n studieveld met baie vertakkings. Met die verval van die persoonlike verhouding tussen werkgewer en werknemer, sowel as die toenemende spesialisasie en nywerheidsuitbreiding het daar 'n leemte ontstaan wat 'n massa wetgewing en ander reëlins nodig gemaak het om te verseker dat gesonde arbeidsverhoudinge in die beroepswêreld gehandhaaf word, asook in Landbou, Handel en Mynewese. Die belangrike verskynsel wat blywend is, is dat die bestuur aan die een kant en die werker aan die ander kant altyd daar sal wees en wisselwerking sal moet plaasvind. Myns insiens behoort alle arbeidsreëlins die volgende doeleindes te hê, nl. o.m.:

- (a) nywerheidsvrede te handhaaf;
- (b) die produktiwiteit van die bedryf te verhoog; en

(c) 'n behoorlike lewenstandaard sowel as die beroepstevredenheid van die werker te verseker.

(a) Wat nywerheidsvrede betref, trag die Staat om deur middel van sy nywerheidsversoenings- en loonvasstellingsmasjinerie sorg te dra dat werknemer sowel as werkgewer vir hul arbeid en ondernemingsgees 'n regverdigde beloning ontvang. Die Staat bepaal in die meeste gevalle nie diensvoorwaardes nie, dit is gewoonlik waar arbeid georganiseer is 'n kwessie vir onderhandeling tussen werkgewers- en werknemersorganisasies. Die Staat stel slegs die nodige masjinerie daar om te verseker dat onderhandelinge kan plaasvind en suksesvol deurgevoer kan word. Waar arbeid egter ongeorganiseer is, word voorsiening by wyse van wetgewing gemaak vir die bepaling van diensvoorwaardes. Baie hang af van die persone wat aan die onderhandelings deelneem en baie hang ook af van die wyse waarop 'n onderneming georganiseer is. Dit sou foutief wees om te dink dat ontevredenheid en onrus aan die kant van die werker bloot deur geldelike redes veroorsaak word. So bv. het daar uit ondersoek geblyk dat die aard van toesig geweldig baie te doen het met die bedryfstevredenheid van werkers. In ons nywerheid word die behoefte al meer en meer gevoel aan persone wat wetenskaplik onder- rig is in metodes en tegnieke om arbeidsverhoudings en -behoefes en menslike reaksies op verskillende maatreëls te bestudeer en op te los. Dit is derhalwe baie noodsaaklik dat sulke aangeleenthede wat arbeid betref, in die werkgewer-werknemerverhouding en die mannekragssituasie ten tye van oorproduksie sowel as gedurende dalings in die arbeidsmark, noukeurig ondersoek moet word. Sodanige ondersoek moet ter plaatse gedoen word.

(b) Ten opsigte van produktiwiteit in die bedryf moet rekening gehou word met die feit dat ons oor 'n beperkte blanke bevolking beskik en dit derhalwe nodig is om elke blanke werker so doeltreffend moontlik by die beroepswêreld in te skakel. Die vraagstuk van produktiwiteit het wye implikasies en behels nie net die individuele doeltreffendheid van die werker nie, maar die hele produksieproses. Daar word vandag baie gepraat oor die kwessie van aansporingslone, maar hier weer is dit dringend nodig dat ons navorsingsprojekte aan die universiteite en elders onderneem. Om net een aspek van die saak te noem, sal dit interessant wees om die uitwerking van aansporingslone op nie-blankes in teenstelling met blankes na te gaan.

(c) Ten einde 'n behoorlike lewensstandaard sowel as beroepste-

vredenheid te verseker is dit nodig dat elke werker volgens sy aanleg, belangstellings en aspirasies in 'n regte soort werk geplaas word. Sy werksomgewing en diensvoorwaardes moet reg wees. Dit vereis behoorlike beroepsvoorligting, beroepseleksie, ontleding en behandeling van die werker, waar nodig. Op hierdie gebied is daar alreeds 'n sekere mate van navorsing gedoen, maar daar bestaan steeds 'n behoefte aan grondige kennis van arbeidsbehoefte, arbeidsverhoudings en die arbeidsmark in die Unie.

Bovermelde vraagstukke oor beroepsreëling, produktiwiteit, beroep-sukses en beroepstevredenheid word wel in kursusse soos Sielkunde, Sosiologie en Ekonomie aangevoer, maar ek voel dat daar 'n groot gebied braak en onaangeroerd lê. Die Sielkundige, Personeelbestuurder, Sosio-loog en Bestuur- en Administrasiestudent is wel teoreties onderlê maar hy behoef nog praktiese insig alvorens hy werklik waardevol kan wees.

Baie velde moet nagevors word en weens die gebrek aan kennis van die arbeidsreëlings is die belangstelling ook nie daar nie en vind die navorsing nie plaas nie. Ek dink veral aan navorsingswerk in verband met:—

- (1) Die beweging van arbeid en die wedywing van rasse;
- (2) Loondifferensiaal—die oorsake en uitwerking op die Suid-Afrikaanse ekonomie;
- (3) Beroepsvoorligting met sy veelvuldige probleme van toetsing, plasing en vordering in 'n werksoort;
- (4) Plasing en vordering in geskikte werk van subnormale persone;
- (5) Rehabilitasie, vakopleiding en werkverskaffingsprobleme van belemmerde persone en oues van dae;
- (6) Arbeidsbronne van die Unie van Suid-Afrika insluitende ongeskoolde, half-geskoolde en geskoolde arbeid sowel as vakkundige werkers;
- (7) Vakunie-organisasies; en
- (8) Diensvoorwaardes.

Bo en behalwe hierdie breë vraagstukke is daar ook nog andere wat 'n meer spesifieke betekenis het en wat op navorsing wag soos nywerheidsongelukke, ongeluksvatbaarheid, afwesigheid van werk, die aard en doeltreffendheid van toesig en so voorts. Neem maar die vraag van aansporing van die werker. Die mikpunt van sodanige aansporing is altyd

'n tevrede werker met verhoging van produksie. Hierdie sowel as ander navorsingswerk in verband met die werkverhoudings vereis spanwerk aan die kant van die navorsers en die natuurlike tuiste vir so 'n span is aan die universiteit. Die gebrek aan fasiliteite vir opvoeding in Arbeidsreëlings en -aangeleenthede aan die universiteit is 'n stremmende faktor by die uitvoering van sodanige navorsingsprojekte.

Die instelling van spesifieke kursusse oor die geskiedenis en ontwikkeling van arbeidsaangeleenthede in die Westerse wêreld behoort die basis van toekomstige navorsingsprojekte te vorm.

Kortom! Daar word gevoel dat die universiteit arbeidsaangeleenthede in die eerste plek by meer kursusse met voordeel kan insluit en verder kan breë beginsels van arbeidsreëlings miskien behandel word onder „Lewens- en Wêreldbeskouing” wat volgens u Jaarboek as 'n algemene kursus gegee word. Dit sal navorsing op hierdie gebied aanmoedig en 'n beter kennis van arbeidsaangeleenthede in die hand werk.

Suid-Afrika staan te midde van 'n Industriële Rewolusie. Soos 'n woeste stroom het dit ons land meegesleur en op sy onkeerbare weg het hy langs die pad van ontwikkeling en voorspoed menige wrakke nagelaat. Die Afrikaner was nog maar gister feitlik deurgaans 'n landelike werker, maar vandag het hy alreeds goeie vordering in die handelswêreld gemaak en stadigaan is hy besig om ook die nywerheidsgebied meer en meer te betree. Hierdie betreding is egter die betaling van 'n hoë tol. 'n Volk word binne die tydperk van een geslag verander van 'n tradisioneel-vasgeankerde boerebevolking, beskerm deur kalme geloofsoortuiging, tot 'n jagende massa na die materiële voortbestaan. In hierdie proses van ontwikkeling bly ons, wat meer behoort te doen, slegs waarnemers en klaag dit uit dat die wortel en grondslag van ons volk aan verrotting ly.

Die tyd het myns insiens meer dan ryp geword, dat die Afrikaner hom met arbeidswetgewing en die ander aangeleenthede, wat ek reeds genoem het, vertrouwd moet maak. Sonder kennis van hierdie aard en diepe belangstelling, kan hy sy plek in die nywerheidswêreld nie volstaan nie. Kursusse wat hom op hierdie gebied voorlig en navorsingsbevindings is uiters noodsaaklik.

Ten slotte wil ek van hierdie geleentheid gebruik maak om die Raad en Senaat van die Universiteit en die Hooggeleerde Rektor, dr. J. Chris. Coetzee, professore en dosente van harte geluk te wens met die groei en vooruitgang van u inrigting. Die Universiteit het reeds lankal sy kinderskoene ontgroeï en is deur u harde en onbaatsugtige arbeid uitgebou tot

'n inrigting wat nie alleen aan Potchefstroom of die Transvaal behoort nie, maar 'n funksie in Suid-Afrika vervul wat deur geen ander universiteit oortref word nie.

Aan die studente wat vandag hier hul grade ontvang het, my hartlikste gelukwense. As u tydperk van studie voltooi is, mag u van hier vertrek as geharnaste burgers van ons vaderland en op die Calvinistiese grondslag voortbou tot heil van land en volk. Mag u wat hier nog verder studeer „In U Lig”, die ware lig sien en nastreef en met volkome sukses u studies voltooi.